’n Dag van verootmoediging tot eer van die Here

Teks: 1 Konings 21: 1 - 29
Teksverse: 1 Konings 21: 9, 10, 29

1. Inleiding

Ons kerkverband roep vandag ’n dag van verootmoediging uit. Maar wat beteken dit? Ons sien gewoonlik ’n dag van verootmoediging opgeroep word wanneer iets fout gaan. Wanneer die bose dreig om ons in besit te neem. En ons almal weet wat fout is vandag rondom ons. Die covid-19 pandemie wat heers, en gepaardgaande ontwrigting van die samelewing en ons geloofslewe daarmee saam. Daarom roep die kerk vandag ’n dag van verootmoediging uit. Ons het hierdie kennisgewing die 20ste Mei ontvang en sowaar, daar kondig die regering ook ’n biddag vir vandag af.

Maar wat beteken so spesiale dag vir die gelowige. Om dit nader te belig, fokus ons vandag op 1 Konings 21. Een van die teksgedeeltes waar ons in die 83 vertaling ook letterlik die woord verootmoedig aantref. Tog is dit nie so eenvoudig nie, want ons kyk na die optrede van een van die mees ongehoorsame konings wat ooit oor Israel geregeer het, Koning Agab, wat doodmaak en in besit neem. Maar daar is ook twee spesiale dae wat in ons teksgedeelte aangetref word.

Ons gaan dit opsom as ’n Dag van verootmoediging tot my eie voordeel. En ’n Dag van verootmoediging tot eer van die Here. En dan gaan ons laastens kyk wat beide hierdie bewegings oor my self openbaar. Dit gaan ons doen wanneer ons die refleksie oor onsself ondersoek. Want ten einde laaste wil ons natuurlik hierdie verootmoedigings dag, reg en tot eer van die Here deurbring.

Want op die einde is ware verootmoediging soveel meer as bloot ’n modegier wat my christelike superioriteit probeer bewys. Dit moet tog ’n opregte innige inkeer tot eer van die Here wees.

Maar wat doen Agab, Elia en Isebel in hierdie teksgedeelte?

2. ’n Dag van verootmoediging tot my eie voordeel

Die eerste gedeelte van ons teksgedeelte handel oor die feit dat Koning Agab nie sy sin kry nie. Dit is dan sy heidense vrou Isebel wat ’n plan beraam sodat Agab wel sy sin kan kry. En die plan wat sy beraam behels ’n vasdag. ’n Vasdag het dikwels gevolg op die aankondiging van die oordeel van God. Die bekendste voorbeeld is seker die stad Nineve in Jona 3. Maar met aankondiging van die oordeel van God, word daar uiteraard bekering verwag op ’n vasdag.

Maar waarvan moet ’n mens jou bekeer? En dit is hier waar ons vir Nabot ontmoet. Nabot word die sondebok op hierdie vasdag wat Isebel aankondig. Oftewel dit soos wat Isebel dit beplan. Sy huur twee mans van slegte karakter om ’n valse aanklag van lastering en hoogverraad in te bring teen Nabot. En hulle voer dan ook hulle opdrag uit. Isebel het waarskynlik goed geweet hoe ernstig hierdie aanklag gesien sou word. Ons weet dat Selomit se seun in Levitikus 24 teregestel is omdat hy die Here gevloek het. Dit is dan uiteindelik ook die lot wat Nabot tref in ons teksgedeelte.

Tog is dit duidelik dat hierdie hele episode niks met die eer van die Here te doen het nie. Die teendeel is eintlik eerder waar. Isebel misbruik die gebruike rondom die vasdag om maar net haar eie sin te kry. Om dood te maak en te vat. Vir haar is die geloof en oortuigings van die Israeliete net

’n instrument om hierdie grond van Nabot vir haar man in die hande te kry. Deur die jare sien ons dat geloof gereeld so misbruik word.

Die selfsugtige manier van die mens wil van vroegste tye af die bonatuurlike manipuleer om eintlik maar net sy eie sin te kry. Maar dit is nie wat ’n dag van verootmoedig moet wees nie. En voor ons natuurlik vinnig vingers wys na regeerders en ander rolspelers rondom ons, moet ons eers self ondersoek doen.

Wanneer ek deelneem aan dae van verootmoedig, gebedsdae of watter ander georganiseerde geloofsaksie ook al. Wat is my primêre beweegrede? Is dit bloot om die ongemak waarin ek verkeer te verander?

3. ’n Dag van verootmoediging tot eer van die Here

Maar dan in die laaste vers wat ook ons teksvers is, doen hierdie slegte koning iets reg. Ja, hierdie koning wat volgens 1 Konings 16:30 meer boos was as al die konings voor hom. Natuurlik kan die element van selfsug nie misgekyk word nie. Tog werk die Gees iets van ’n ware verootmoediging in die hart van die bose Agab.

Want wanneer Agab vir Elia groet in vers 20 sien ons die bitterheid in die verhouding tussen die man van God en Agab. Die woorde: “Het jy my gekry. my vyand” openbaar tog duidelik iets wat nie reg is nie. En dan antwoord Elia vir Agab dat hy homself oorgegee het om te doen wat boos is. Die bose se houvas op Agab se lewe word as ’n ware weerspieël in wat met Nabot gebeur het. Die bose is besig om Agab se lewe te eis, en sy hele familie en hele koninryk te vat.

Maar dan sien ons hierdie een regte optrede van Agab. Hy kom tot ware berou, hy verootmoedig hom voor die Here. En die Here bewys ook aan Agab genade. Die bose sal nie sy familie en koninryk heeltemal verswelg, terwyl hy nog lewe nie.

Hierin lê die hart van verootmoediging. Dit is daardie diepe bewus word van die boosheid. Maar dan nie net die boosheid om my nie. Nee, Daardie boosheid in my. Dit wat ook begin vat het in en om my. Verootmoediging is die gesindheid in my hart wat eerlik tot die Here bid en sê: “Voor u alleen het ek gesondig, genade is al waarvoor ek pleit”, soos ons ook vroëer gesing het.

Want alhoewel daar steeds selfbehoud te bespeur is in verootmoediging. Is daar ook duidelike leiding van die Gees, die diep bewustheid van my naaste wat verlore gaan. Maar ook uiteindelik die eer van die Here wat verlore gaan wanneer die bose oorneem.

4. My eie refleksie in die twee

Tog om werklik te kan verstaan wat met verootmoediging gebeur, moet ons eers fokus op Christus. Want uiteindelik geskied ware verootmoediging net wanneer die Gees ons onder die intense bewuswording van ons verlossing in Christus bring. Wanneer ons wedergebore word in die sterwe en opstanding van ons Here, Jesus Christus. Hy wat in nederigheid die offer vir ons sondes kom bring het.

Want hierdie valse verhoor van Nabot herinner ons juis aan die ander valse verhoor in Mattues 26. Daar waar die sondelose Lam, ons Here Jesus Christus skuldig bevind word aan Godslastering. Waar Christus hierdie straf dra, wat uiteindelik die offer te versoening van al ons sondes word. Dit is waar die werklike hart van verootmoediging lê. Daardie besef dat ek en die gemeenskap rondom my nie in bose hoef te bly lê nie. Dat die bose nie finaal ons in besit hoef te neem nie.

Dat ons die adres van genade ken. En daarom is ware verootmoediging juis ’n refleksie van dit. Daardie stil word en om genade te smeek by die skepper en onderhouer van die heelal. Daardie wete dat dit slegs moontlik is om tot die Heilige Vader te nader op grond van dit wat Christus vir ons verwerf het aan die kruis.

En dit is juis waarom verootmoediging so ernstige saak is. Omdat ek bewus van my sonde en diepe ellende en tot God nader vir genade. Maar dat ek ook terselfdertyd waak teen ’n selfsugtige opeis van my eie begeertes. Ons moet werklik besef dat die Heiligheid van God ons in besit moet neem. En in hierdie heiligheid is daar geen plek vir sonde nie.

Ware verootmoediging is dus nie blote ’n versoek aan die Here nie. Dit behels ook die diepe selfondersoek na my eie lewe. Eer en verheerlik ek die Here werklik in alles wat ek is en doen. Dan kom ons by die hart van verootmoediging, wanneer ek besef dat ek die Here nie eer nie. En dat genade al is, waarop ek kan pleit.

5. Slot

Ons kan hierdie preek oor verootmoediging afsluit deur ’n laaste blik op Agab. Hy is vir ons een van die voorbeelde in die Bybel van hoë ’n mens nie moet optree nie. Wat verkeerd en boos is in die oë van die Here. En tog word hy juis die voorbeeld van verootmoediging aan die einde van sy lewe. En juis hierin lê die boodskap van genade ook vir ons vandag, op hierdie dag van verootmoediging.

Die mens is nooit superieur wanneer dit by ware geloofsake kom nie. Ons is eintlik maar almal soos Agab, wat voortdurend die bose bedink of doen. Daarom het ons geen aanspraak op enigeiets goed van die Here af. Inteendeel ons lewe meestal ook in ’n samelewing wat juis vyandig staan teenoor die kerk en die Here. Maar dan bewys God genade aan ons wanneer die Heilige Gees verootmoediging in ons harte kom werk. Wanneer ons bewus word dat my lewe nie tot eer van die Here is nie. Maar dat dit juis die rede is waarom ek verlos is in ons Here Jesus Christus.

Ten einde laaste is dit juis wat verootmoediging te weeg bring. Die wete dat daar ook iets beter is. Dat die slegte en bose hier nie al is wat daar is nie. Daar is ook die Here wat heilig verhef is bo alles. Maar steeds in beheer is van selfs die fynste besonderhede. En by die Here is daar genade. Hierdie hemelse Vader het ons immers so lief dat Hy reeds Sy eniggebore Seun gestuur het om te sterf vir ons sondes. Sal Hy dan nie ook alles anders wat nodig is om Hom te eer verheerlik vir ons gee nie?

Amen.